# Totsiens godsdiens:

# Gesprekke met God

**Louis Du Piesanie 24/03/2019**

***Lukas 8:8 (AFR83) "Wie ore het en kan hoor, moet luister!"***

## 1. WAAROM IS DIT BELANGRIK OM GOD SE STEM TE HOOR?

**1.1.** Dit is 'n bewys dat jy deel van God se familie is.

**Johannes 10:27 (AFR83) "My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My."**

**1.2.** Dit help jou om minder foute te maak.

**Spreuke 3:6 (AFR83) "Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop."**

**1.3.** Dit lewer persoonlike sukses.

**Psalms 32:8 (NLV) "Ek sal jou onderrig en die pad wys waarop jy moet gaan. Ek sal vir jou raad gee, my oog sal op jou wees."**

## 2. VOORBEREIDING OM GOD SE STEM TE HOOR:

**2.1.** Ons denkwyse moet ontvangklik wees vir God se stem.

**Lukas 8:5 (AFR83) "'n Saaier het uitgegaan om saad te saai. Met die saai het 'n deel op die pad geval, en dit is vertrap en die voëls het dit opgepik."**

**Lukas 8:12 (AFR83) "Dié wat op die pad val, dui op mense wat die woord hoor, maar dan kom die duiwel en neem dit uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom en gered word nie."**

**2.1.1.** Die verharde grond = GESLOTE DENKE.

**2.1.2.** Drie dinge wat geslote denke veroorsaak:

- Vrees
- Trots
- Bitterheid

**Jakobus 1:21 (NLV) "Raak daarom ontslae van die vuilheid en boosheid wat so welig in julle tier, en aanvaar nederig die woord wat God in julle geplant het. Hierdie woord het die mag om julle te red."**

**2.2.** Ons moet die tyd vat om te luister.

**Lukas 8:6 (AFR83) “'n Ander deel het op 'n klipbank geval, en nadat dit opgekom het, het dit verdroog, omdat dit geen vogtigheid gehad het nie.”**

**Lukas 8:13 (AFR83) “Dié wat op die klipbank val, dui op hulle wat die woord met blydskap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar dit skiet nie wortel nie. Hulle geloof hou net 'n tydjie. Die oomblik dat dit op die proef gestel word, gee hulle moed op.”**

**2.2.1.** Die vlak grond = OPPERVLAKKIGE DENKWYSE.

**Hebreers 10:25 (AFR83) “Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig.”**

**2.3.** Verwyder dit wat jou fokus steel.

**Lukas 8:7 (AFR83) “Nog 'n ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het daarmee saam gegroei en dit laat verstik.”**

**Lukas 8:14 (AFR83) “Die saad wat tussen die onkruid val, dui op dié wat die woord hoor, maar deur die sorge en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie.”**

**2.3.1.** Die grond met onkruid = VOOROPGESTELDE IDEES.

**1 Konings 19:12 (AFR83) “…was daar 'n fluistering in die windstilte.”**

**2.4.** Reageer positief en werk saam met dit wat God sê.

**Lukas 8:15 (AFR83) “Die deel wat in goeie grond val, dui op dié wat die woord met 'n goeie en opregte hart hoor en dit bewaar en deur volharding vrug dra.”**

**2.4.1.** Die goeie grond = GEWILLIGE GEES.

**Luke 8:15 (LB) “…They <u>listen</u> to God's words and <u>cling to them</u> and steadily <u>spread them to others</u> who also soon believe."**

## 3. SES MANIERE HOE GOD MET ONS PRAAT:

**Job 33:14 (NLV) “Maar God praat op verskillende maniere.”**

**3.1.** God praat deur die Bybel.

**2 Timoteus 3:16 (NLV) “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en is nuttig om ons te onderrig, die verkeerde te weerlê, om ons tereg te wys en om die regte leefstyl by ons te kweek.”**

**Psalms 119:105 (AFR83) “U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.”**

**3.2.** God praat deur leraars.

**Efesiërs 4:11-12 (AFR83) "En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus."**

**Romeine 12:6 (ABA) "God het genadegawes vir ons gegee, maar God het nie dieselfde genadegawes vir ons almal gegee nie. As party van ons die boodskappe van God vir die ander gelowiges kan bring, dan moet ons die regte boodskappe vir hulle bring."**

**1 Korintiërs 2:13 (AFR83) "Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer."**

**3.3.** God praat deur vriende en familie.

**Spreuke 12:26 (AFR83) "Die regverdige laat sy pad vir hom wys deur 'n vriend; die goddeloses verdwaal op die pad wat hulle self kies."**

**Spreuke 12:15 (AFR83) "In die dwaas se oë is sy eie pad die regte; wie wysheid het, luister na raad."**

**Spreuke 27:6 (NLV) "Die wonde veroorsaak deur iemand wat lief is vir jou is baie beter as die baie soene wat jou vyande jou wil gee."**

**3.4.** God praat deur indrukke of idees vanaf die Heilige Gees.

**Johannes 14:26 (NLV) "Die Heilige Gees….sal vir julle in alle opsigte onderrig en julle ook herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."**

**Romeine 8:16 (DB) "Die Gees oortuig ons diep in ons binneste dat ons regtig God se kinders is."**

**Job 33: 14-17 (DB) "God praat op verskillende maniere met mense, maar hulle besef dit nie altyd nie. Vir party mense sal God 'n droom of 'n gesig in die nag gee as hulle vas op hulle bed lê en slaap. Op so 'n manier gee die Here dan vir hulle 'n duidelike waarskuwing om met verkeerde dinge op te hou en nie te veel van hulleself te dink nie."**

**3.5.** God praat deur pyn.

**Spreuke 20:30 (DB) "'n Pak op sy tyd verrig wondere. Dit laat 'n kind besluit om sy nonsens te stop."**

**Psalms 119:71 (DB) "My swaarkry het my geleer om mooi na U te luister."**

**3.6.** God praat deur stilte.

**1 Samuel 28:6 (DB) "Hy het vir die Here gevra wat hy moet doen, maar die Here het hom nie geantwoord nie. Hy kon nie deur drome of deur die heilige klippies of by profete 'n antwoord van die Here kry nie."**

**Job 34:29 (MSG) "<u>If God is silent</u>, what's that to you?  If He turns His face away, what can you do about it?  But whether silent or hidden, <u>He's there, ruling,</u>"**

**Psalms 50:15 (LB) “I want you to trust Me in your times of trouble, so I can rescue you and you can give Me glory.”**

## Gesprek Gids

## Gesprekke met God

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Hoekom dink JY dat dit belangrik is om God se stem te hoor?
2. Wat weerhou jou daarvan om God se stem te hoor? Hoe kan jy dit oorkom?
3. Op watter van die ses maniere, genoem in punt 3, hoor jy God se stem die beste?